

**BEROEPENUUS— (22 Sept. 2013)**

Beroepe ontvang  
Ds. JA Berg van Vaalwater na Rietvallei as medeleraar  
Beroepe aanvaar  
Ds. JH Grobler van Louis Trichardt na Bloemfontein Suidheuwels/Reddersburg kombinasie  
Ds. JG Noëth van Kimberley na Totiusdal met opdrag Christelike onderwys

**FOTO-PROJEK**—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is [muriel@muriel.co.za](mailto:muriel@muriel.co.za). Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan...

**WAT BETEKEN DIE KERK VIR U— J.A. Breytenbach— vervolg van verlede week**

h) Die "lewe" wat so geskei word van die leer, en wat te doen het met die buitengewone werk van die Gees, maak dit natuurlik moeilik om van ouderlinge of predikante rekenskap te eis. Want ook die Bybel word in terme hiervan uitgelê. Dit maak dat mense eintlik met hierdie "lewe" met die hande in die hare sit en nie put uit die skatkamers van die Woord nie. Bybelstudie volstaan met oppervlakkige toepassing vir die lewe op die klank van die woorde af.

i) Die verkondiging word verskraal tot wat Christusvir my en my saligheid beteken. Die lewe voor die Here word teruggetrek op die binneste kamers van die hart en nie in die wydheid van die lewe gebring nie. Die belydenis is vir die lewe in die kerk bedoel. Die heil word teen-histories opgevat. Die historiese lyn van die heil in die Skrif word geïgnoreer en die eenheid van die Skrif verbreek. Dink watter implikasies dit vir kerk en sending het. In "belewing" wat tot aksie moet kom, word die redding vir die kerk op 'n aktivistiese wyse gesoek. Dit staan ver van Christus wat deur sy Gees sy kerk regeer.

j) Die ideaal van die Amerikaanse superkerk leef ook onder sommige. Dan word die erediens 'n laboratorium waar proewe gedoen word, aannames gemaak word en teorieë vanuit die geestes- en sosiale wetenskappe as teologie bewys word, waar uit die Bybel tekste aangedra word om liturgiese vernuwing deur te voer en die gemeente in "selle" te verbreek. Vir lidmate wat hierdeur ontredder is, is die beste waarop hulle kan hoop alternatiewe dienste binne dieselfde gemeente waar die ouer predikant gewoonlik nog die onvervalste Woord saai.

Ek sluit af met die vraag waarmee ek begin het: Watbeteken die kerk vir u? Self moet ons daarvoor praat. Maar vra dit ook aan die mense wat die Here daagliks na ons toe bring, hulle vir wie kerkwees 'n swaer las geword het, en hulle wat verward is omdat hulle begrip van kerk, met die nuwe Suid-Afrika se intrede gesink het. Al wat ons moet doen is om Christus as enigste Hoof van sy kerk te verkondig. SLOT

Vandag – Alwyn Wolmarans 0732996865	26/09– Rinette Coertze 0828548236
23/09—Estelle Heystek 0798796877	26/09– Dewald Koen 0123314617
24/09– Sophia Swanepoel 0722918946	28/09– Bettie Smit 0769540265
24/09– Mariette van Dyk 0835948438	29/09– Anna van der Dussen 0126440916
	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Bate geluk met u verjaarsdag

Die hulp wat verder help, is dié wat verder hulp onnodig maak –  
CJ Langenhoven

# Die Krugertjie

## Gereformeerde kerk Pretoria(d)

[www.gkpretoria.org.za](http://www.gkpretoria.org.za) OF  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp  
0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)  
E-pos: [kantoor@gkpretoria.org.za](mailto:kantoor@gkpretoria.org.za) Faks: 0123265287  
Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154  
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar  
012- 3233194  
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745  
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106  
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

22 September 2013



### EERSTE EREDIENS—(9h00)

**Skriflesing:** Jona 1:1-12

**Teks:** Jona 1:9

**Sing:** Ps. 138:1,2; Ps. 119:1; Ps. 68:9,  
Sb. 8:1,4,5 (5-3:1,4,5)

### JONA DIE HEBREËR

### TWEEDE EREDIENS— (10h30)

**Skriflesing:** Jesaja 49:8-15

**Teks:** Jesaja 49:14-15

**Sing:** Ps. 42:1,3,5; Ps. 73:9,10;  
Ps. 73:11,12

### GOD IN DIE BESKULDIGDE BANK

**KATKISASIE**— Geen katkisasie vandag

Ds. Peet Smit wat in vandag se eredienste voorgaan word die seën van die Here toegebied. Ook waar hy nog as emeritus leraar van Gerf kerk Daspoort besondere bydrae kan lewer dra ons hom en sy eggenote aan die troon van die Here se genade op.

### EREDIENS BY GEMEENTEKAMP

(Mopani lodge)

**Skriflesing:** Jona 4; Mattheus 21:18-22

**Teks:** Jona 4:9-11

**Sing:** Ps. 118:12,13; Ps. 25:2; Ps. 86:6;  
Ps. 20:1,5,6

### WAAROM IS JONA KWAAD

Ons beleef in Jona 4 iets van 'n behandeling van God, 'n terapie, wat Jona van God self ontvang, om hom God se grootheid te laat verstaan. God se grootheid sluit Sy volkomenheid en genade in.

En daarvoor wil Jona nou vir God aankla. Soos 'n kind wat kwaad word omdat die kinderspeletjie anders verloop het as wat die kind wil hê. So word Jona ook kwaad, maar dan nie maar deel van 'n kinderspel nie, maar in werklikheid wou hy met God se raad, God sy grootheid, God se volkomenheid wou hy 'n ander pad loop.

In werklikheid wil hy hê die Here moet anders wees, as wat die Here is. Dis verskriklik as 'n mens dit besef.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

#### Predikant:

Ds. Petrus Venter  
012- 3356130  
0847042348 (P) 0845119620(C)  
[pjventer@gkpretoria.org.za](mailto:pjventer@gkpretoria.org.za)  
9 de Laan 880  
Wonderboom-Suid  
[www.gk-pretoria.weebly.com](http://www.gk-pretoria.weebly.com)

#### Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

**Vandag-Wyke 20 en 21**

Ouderlinge: Marius Coertze  
Diakens: Henry Foster en Eugene Koole

#### Volgende Sondag (29/09) – Wyke 22 en 23

Ouderlinge: Koos Venter  
Diakens: Michiel Venter

**DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...**

Met leedwese maak ons bekend dat **br Piet van der Kooi** Woensdag-oggend in die baie vroeë oggendure oorlede is. Sr Nelie, die kinders, hulle families en geliefdes word die troos van die Heilige Gees toegebied. Die begrafnis vind DV Woensdag 25 Sept. plaas. Die verrigtinge by die graf (Zandfontein begraaftplaas) begin om 9h00 en daarna sal die troosdiens om 11h00 in ons kerkgebou plaasvind. **Sr Marthie Steyn** het ook groot terugslag weer in haar gesondheid gehad. Ons is dankbaar dat sy weer uit die koma gekom het. Ons gebed is dat die Here hierdie beterskap sal bestendig. **Br. Kallie Tromp** is ons dankbaar om te meld dat dit met hom beter gaan. Mag die medikasie geseën wees om dan werklik ook vir hom tot n seën te wees, na hierdie weke van groot swaarkry en terugslae. Aan hom en sr Amanda word die krag van die Here toegebied. **Br Phil van der Merwe** wat weer deur 'n hele proses van kanker-behandeling moes gaan se gesondheid verkeer onder groot druk. Hy is weer tuis maar dit gaan swaar en hy is baie swak. Hy moet DV weer op 5 Des vir verdere behandeling gaan. Ons dink aan hom en sr Nakkie in hierdie sware tyd.

**Sr Margaretha Coetzee** word volle herstel toegebied na die knieervangingsoperasie. Sy het laat weet dat dit met haar in Middelburg onder omstandighede goed gaan. Ons bid haar volkome herstel toe, ook met die oog op n operasie vir die ander knie. **Oudl Jan Fanoy** is tuis na sy operasie. Dit gaan met hom goed en ons bid hom volle herstel toe. **Sr Amelia Boshoff** het 'n groot rugoperasie ondergaan. Sy is ook tuis. Mag die operasie geslaagd wees en sy volkome herstel. **Sr Magriet Venter** se ma het geval en baie seergekry. Ons dink ook aan haar en almal wat haar moet bystaan. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die genadetroom van die Here opgedra. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. Sy het ook hierdie week verjaar. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

**GEMEENTE-KAMP**

Hierdie naweek is dan ons jaarlikse gemeentekamp. Ons vertrou dat almal wat graag daarheen wil gaan en daarna uitsien dit ook waardevol sal beleef. Ook rondom Jona... Ons gaan na Mopani-lodge, nie te vër vanaf Pretoria nie, tog al deel van die Bosveld! Nogmaals baie dankie aan oudl. Boere Smit en almal wat hom bygestaan het vir die reëlings en baie sterkte ook vir wat ons op die kamp saam gaan doen. Die program sal ons op die kamp afsprek.

**KOLLEKTE**

<b>Vandag:</b>	DVB	Ramings
<b>1ste diens</b>	DVB	Ramings
<b>2de diens</b>	DVB	Ramings
<b>29/09/2013</b>	Paul Kruger	Instand-
<b>1ste diens</b>	kinderhuis?	houding
<b>2de diens</b>	DVB	Instand-
		houding

**DAGBOEK**

DATUM	GEBEURTENIS
<b>22-28/09</b>	Herv. Kerk Sinode Ds. Petrus daarheen afgevaardig
<b>01/10</b>	Skole open
<b>13/10</b>	Diakonie-vergd
<b>15/10</b>	Voortgesette klassis
<b>24/10</b>	Huwelik-Br Lukas de Beer en sr Alicia Schalekamp

**Ons dank aan almal wat verlede Sondag mildelik tot die spes. kollekte vir die Gerf kerk Uitenhage bygedra het. Dit het meegebring dat ons 'n offer van aan hulle R2770-00 kan oorbetaal.**

**SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS**

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderkuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

**ZAMBIË– VOERTUIG**

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband die laaste 2 weke weer mooi gegroei. Ons het in die 2 weke R13 000-00 bygekry. Dit nadat daar amper R3000 uitbetaal is vir die herstel van die ou kombi wat die Gerf kerk Naboomspruit aan ons geskenk het om te herstel en dan vir die Zambië-fonds te verkoop. Ons is nou byna op R100 000-00

Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel. <http://bit.ly/105wmGY> As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

**DIE EVANGELIE: MATTHEÛS**

*Vervolg van verlede week*

**MATTHEÛS 5:45**

**Hy laat Sy son opgaan – In 'n artikel spreek Totius die saak aan, dat God sekere gawes aan alle mense gee, soos die voortgaan van die natuur wat aan Noag belowe word in die Natuurverbond (Gen 8:22). God het die deurwerking van die vloek getemper (Gen 3:18-19), sodat die lewe op aarde kan voortgaan na Sy bestemming. Die kindskap en die seën van die saligheid bly uiteindelik uitgesonder vir die uitverkorenes, maar vir nou beveel Hy ons om as Sy kinders liefde te betoon.**

**5:46-47, tollenaars** word as voorbeeld geneem, want in die oë van die Fariseërs is hulle sondaars en Wet-loos. Die Fariseërs self oortree egter ook die Wet, want hulle hou nie by die gees van die Wet, die liefde, nie.

**5:48, volmaak** – God se volmaakte liefde moet in ons liefde weerspieël word.

**MATTHEÛS 6**

**Liefdadigheid, gebed en vas**

*In 'n Kerkblad-antwoord oor prediking het Totius daarop gewys dat die preek onmid-delik na die hemelvaart deur die Apostels begin is. Jesus was Self Leraar, soos duidelik blyk uit Matth 5-7. Hy is immers ons hoogste Profeet.*

Van die direkte hou van die Wet gaan Jesus nou oor na die erkende godsdienstige praktyke in daardie tyd. Hy neem as voorbeelde liefdadigheid, gebed en vas. Hoewel in die wette wat God aan Moses gegee het hiervan gemeld is, het die HERE nie vaste reëls daarvoor neergelê nie. Wat die Fariseërs en Skrifgeleerdes die volk geleer het, was blote gebruike en tradisie.

Nou leer Christus die mense om die **gees** van die Wet toe te pas in hulle godsdienste.

**6:1** – Sluit vir verklaring van hierdie vers aan by die laaste vers van hfst 5: “Wees julle dan volmaak . . .” Oppas vir uiterlike vertoon voor mense, en dink aan julle godsdienste as iets wat **tot God** gerig moet wees.

“Liefdadigheid” moet in hierdie vers eintlik vertaal gewees het: “geregtigheid”, en uit die

volgende vers word dit dan duidelik dat hier dan barmhartigheid deel van die gereg-tigheid voor God is. Dit is deel van die **reg** wat Hy beveel. Wetsvervulling mag nie dien tot selfverheerliking nie.

**Loon** – Oor die loon wat groot is in die hemele, word in 5:10-12 reeds gehoor. Dit is weggesit vir die wat vervolg is ter wille van die geregtigheid, en bespot is ter wille van Christus. Hier volg nou dat daar vir sommiges **geen loon** sal wees nie en dat hulle hul loon reeds weg het (6:2). Dit is die vergelding van die oordeelsdag. Sien by die verklaring van **6:16-18** ook oor die “loon” van die geveinsdes – wat is belangrik, aansien by mense, of om God te behaag ?

**6:2, trompet** – Klink dit nie bekend selfs in ons tyd nie – dat mense as't ware 'n trompet blaas om die aandag op hulle goeie werke te vestig. Dit is dus nie letterlik bedoel nie, maar kan vergelyk word met iemand wat aan 'n toneelspel deelnaam. (Dit is wat die Griekse betekenis inhou.) Dit is om aanhoudend 'n valse indruk te maak, en is ver van wat God bedoel met die liefdadigheid wat bewys moet word.

**liefdadigheid** – In 'n Artikel oor barmhartigheid praat Totius oor uiterlike, leë be-wys daarvan, en haal iemand aan wat gesê het: “Die soet wyn van menslike guns maak dronk.” Daar mag nie net gegee word om deur mense gesien te word nie. Gee, omdat dit God wesenvaldig is dat jy gee. *Huigelary is gevaarlik. “Watter soort godsdienste is dit wat in mensediens bestaan ?” Dit gaan dan om deur mense geëer te word (6:5 -7; 16-18). Die huigelaar is bespotlik wanneer hy besig is met sy skyn van barmhartigheid. Al loof mense hom, is dit niks voor God nie. “n Geveinsde is dus iemand wat 'n sekere doel wil bereik maar wat daartoe glad 'n verkeerde middel aanwend.” Dit is soos iemand wat noord wil gaan maar suid bly ry. “Daar is dan 'n teenstelling tussen sy doel en sy middel.” [Lees gerus die hele artikel oor huigelary in die Versamelde Werke deel 4, bl 234ev.]* *Word vervolg*

**HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-**

30 Aug. 1864– Siener van Rensburg gebore; 1 Sept. 1900– Brittanje annekseer Transvaal; 2 Sept. 1814– Dirk van der Hoff gebore; 3 Sept. 1811– Karel Trichardt gebore; 3 Sept. 1880– Ds. Daniel Lindley oorlede ;3 Sept 1900– OVS geanneksee; 5 Sept. 1900– Kmdt. Danie Theron sneuwel; 6 Sept. 1966– Dr. HF Verwoerd vermoor; 7 Sept. 1801– Sarel Cilliers Voortrekkerleier gebore; 7 Sept. 1975– Miemie Rothman (MER) oorlede; 8 Sept. 1916– Hendrina Joubert egg van genl. Piet Joubert oorlede; 8 Sept. 1901– Dr. HF Verwoerd gebore; 11 Sept. 1900– Pres Paul Kruger verlaat SA finaal; 12 Sept. 1950– Genl. J.C. Smuts oorlede; 15 Sept. 1914– Genl. JH de la Rey doodgeskiet; 17 Sept. 1819– Pres MW Pretorius gebore ; 19 Sept. 1933– Ingrid Jonker gebore; 21 Sept. 1912– Prof. Jan Lion Cachet oorlede; 22 Sept. 1948– Paul Roos oorlede; 23 Sept. 1869– Genl. Christiaan Beyers gebore; 22 Sept. 1950– SASOL geregistreer; 27 Sept. 1830– Hendrina Joubert gebore; 30 Sept. 1931– Voortrekker-beweging gestig